






Invicta
HOLDINGS LIMITED

# Ongeouditeerde Groep-resultate

vir die ses maande geëindig 30 September 2007

- **Inkomste styg met 27%**
- **Wins vir die tydperk styg met 61%**
- **Verdienste per aandeel styg met 42%**
- **Dividend styg met 42%**

(Registrasienommer 1966/002182/06) (In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer) (Aandeelkode: IVT) (ISIN-kode: ZAE000029773)

## Verkorte inkomstestaat

| | **Ongeouditeer ses maande geëindig 30 Sept 2007 R'000** | Ongeouditeer ses maande geëindig 30 Sept 2006 R'000 | % verandering | Geouditeer jaar geëindig 31 Maart 2007 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Inkomste | **1 598 960** | 1 256 634 | 27 | 2 663 398 |
| Bedryfsinkomste | **141 447** | 105 488 | 34 | 281 229 |
| Rente en voorkeurdividend ontvang | **70 006** | 65 584 | | 137 247 |
| Finansieringskoste | **79 982** | 87 521 | | 162 648 |
| Wins voor belasting | **131 471** | 83 551 | 57 | 255 828 |
| Belasting | **13 842** | 10 445 | | 38 104 |
| Wins vir die tydperk | **117 629** | 73 106 | 61 | 217 724 |
| Minderheidsbelang | **(12 664)** | (316) | | (1 730) |
| Toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **104 965** | 72 790 | 44 | 215 994 |
| **Verdienste per aandeel (sent)** | **141** | 99 | 42 | 292 |
| **Verwaterde verdienste per aandeel (sent)** | **139** | 98 | 42 | 288 |
| **Bepaling van wesensverdienste** | | | | |
| Toeskryfbare verdienste | **104 965** | 72 790 | | 215 994 |
| Aanpassings – na belasting en minderheidsbelange indien van toepassing | | | | |
| – Negatiewe klandisiewaarde met besigheidskombinasie | **(88)** | – | | – |
| – Wins met uitreiking van aandele deur filiaal | **–** | – | | (22 565) |
| – Wins met verkoop van belang in filiaal | **–** | (740) | | (666) |
| – Wins met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | **(410)** | (340) | | (738) |
| **Wesensverdienste** | **104 467** | 71 710 | | 192 025 |
| **Uitgereikte aandele** | | | | |
| Geweegde gemiddelde (000'e) | **74 341** | 73 861 | | 73 866 |
| Aan die einde van die tydperk (000'e) | **74 341** | 73 861 | | 74 341 |
| Getal aandele gebruik vir verwaterde verdienste per aandeel (000'e) | **75 604** | 74 441 | | 75 122 |
| **Wesensverdienste per aandeel (sent)** | **141** | 97 | 45 | 260 |
| **Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)** | **139** | 96 | 45 | 256 |
| **Dividende per aandeel* (sent)** | | | | 104 |
| Tussentyds | **47** | 33 | 42 | 33 |
| Finaal | | | | 71 |

* Die tussentydse dividend van 47 sent per aandeel wat deur die direkteure voorgestel word, is in ooreenstemming met IRS10 nie in die tussentydse resultate weerspieël nie.

## Verkorte balansstaat

| | **Ongeouditeer ses maande geëindig 30 Sept 2007 R'000** | Ongeouditeer ses maande geëindig 30 Sept 2006 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 31 March 2007 R'000 |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **1 583 219** | 1 553 260 | 1 542 932 |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | **138 789** | 121 163 | 118 097 |
| Uitgestelde belasting | **22 570** | 26 824 | 17 722 |
| Beleggings | **1 195 303** | 1 195 303 | 1 195 303 |
| Klandisiewaarde en ander ontasbare bates | **225 070** | 204 282 | 210 323 |
| Lening ontvangbaar | **1 487** | 5 688 | 1 487 |
| **Bedryfsbates** | **1 477 611** | 1 032 473 | 1 443 374 |
| Voorraad | **822 785** | 672 300 | 875 315 |
| Handels- en ander debiteure | **500 299** | 360 173 | 372 316 |
| Banksaldo's en kontant | **154 527** | – | 195 743 |
| **Totale bates** | **3 060 830** | 2 585 733 | 2 986 306 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| **Kapitaal en reserwes** | **1 014 405** | 767 714 | 930 846 |
| Toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **940 494** | 762 683 | 886 161 |
| Minderheidsbelang | **73 911** | 5 031 | 44 685 |
| **Nie-bedryfslaste** | **1 199 894** | 1 212 436 | 1 193 311 |
| Langtermynlenings | **1 199 894** | 1 212 436 | 1 193 311 |
| **Bedryfslaste** | **846 531** | 605 583 | 862 149 |
| Bankoortrekkings en bankaksepte | **5 127** | 19 614 | 342 |
| Korttermynlenings | **12 121** | 18 916 | 19 440 |
| Handels- en ander krediteure | **815 371** | 567 053 | 829 609 |
| Belastingaanspreeklikhede | **13 912** | – | 12 758 |
| **Totale ekwiteit en laste** | **3 060 830** | 2 585 733 | 2 986 306 |

## Verkorte kontantvloeistaat

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | | |
| Kontant uit bedrywighede gegenereer | **86 366** | 199 558 | 364 698 |
| Finansieringskoste | **(79 982)** | (87 521) | (162 648) |
| Dividende betaal | **(55 600)** | (30 235) | (55 152) |
| Belasting betaal | **(22 222)** | (13 793) | (25 211) |
| Rente en dividend ontvang | **70 006** | 65 584 | 137 247 |
| Netto kontant (uitvloei) invloei uit bedryfsaktiwiteite | | | |
| Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite | **(1 432)** | 133 593 | 258 934 |
| Netto kontantuitwerking van bate verkrygings | **(7 260)** | (3 635) | (16 016) |
| Netto kontantuitwerking van ander beleggingsaktiwiteite | **(32 241)** | (60 559) | 36 981 |
| Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite | | | |
| Netto kontantuitwerking van aandele ooreenkomstig Bearing Man-skuldbriefskema uitgereik | **–** | – | 4 200 |
| Netto kontantuitwerking van lenings aangegaan | **(5 068)** | (9 739) | (9 424) |
| Netto (afname) toename in kontant en kontantekwivalente | **(46 001)** | 59 660 | 274 675 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | **195 401** | (79 274) | (79 274) |
| Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar | **149 400** | (19 614) | 195 401 |

## Ander inligting

| | | | |
|---|---|---|---|
| Skuld:Ekwiteit-verhouding (%) (uitgesonderd langtermyn-SEB-befondsingskuld deur beleggings gesekureer) | **2** | 7 | – |
| Depresiasie en amortisasie (R'000) | **11 531** | 11 088 | 22 696 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **1 265,1** | 1 032,6 | 1 192,0 |
| Tasbare netto batewaarde per aandeel (sent) | **962,4** | 756,0 | 909,1 |
| Voorwaardelike aanspreeklikheid | **4 724** | 3 991 | 3 750 |

| **Besigheidsverkrygings** | **Total R'000** |
|---|---|
| Effektief van Mei – Junie 2007 verkry | |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | **23 646** |
| Uitgestelde belasting | **(2 342)** |
| Langtermynlaste | **(4 332)** |
| Handels- en ander debiteure | **13 444** |
| Kontant en kontantekwivalente | **13 687** |
| Voorraad | **33 920** |
| Handels- en ander krediteure | **(25 684)** |
| Belasting | **(2 354)** |
| **Billike waarde van bates verkry** | **49 985** |
| Toeskryfbaar aan minderheidsaandeelhouers | **(19 379)** |
| Klandisiewaarde met verkryging | **15 322** |
| Koste van verkrygings | **45 928** |
| Kontant en kontantekwivalente verkry | **(13 687)** |
| Netto kontantuitwerking van verkryging van filiale | **32 241** |
| Wins na belasting sedert verkrygingsdatum in die gekonsolideerde verkorte resultate vir die tydperk ingesluit | **2 349** |
| Wins na belasting indien bogenoemde besigheidskombinasies vir die hele tydperk ingesluit was | **2 823** |

## Verkorte staat van veranderings in ekwiteit

| | **Ongeouditeer ses maande geëindig 30 Sept 2007 R'000** | Ongeouditeer ses maande geëindig 30 Sept 2006 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 31 Maart 2007 R'000 |
|---|---|---|---|
| **AANDELEKAPITAAL** | | | |
| Saldo aan begin van jaar | **3 717** | 3 693 | 3 693 |
| Aandele ooreenkomstig Bearing Man-skuldbriefskema uitgereik | **–** | – | 24 |
| Saldo aan einde van jaar | **3 717** | 3 693 | 3 717 |
| **AANDELEPREMIE** | | | |
| Saldo aan begin van jaar | **281 234** | 277 058 | 277 058 |
| Aandele ooreenkomstig Bearing Man-skuldbriefskema uitgereik | **–** | – | 4 176 |
| Saldo aan einde van jaar | **281 234** | 277 058 | 281 234 |
| **ONAANGEWENDE INKOMSTE** | | | |
| Saldo aan begin van jaar | **588 011** | 426 673 | 426 673 |
| Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **104 965** | 72 790 | 215 994 |
| Dividende betaal | **(52 782)** | (30 282) | (54 656) |
| Saldo aan einde van jaar | **640 194** | 469 181 | 588 011 |
| **ANDER RESERWES** | | | |
| Saldo aan begin van jaar | **13 199** | 8 872 | 8 872 |
| Voortspruitend uit die uitreiking van aandele-appresiasieregte | **2 290** | 3 634 | 4 352 |
| Voortspruitend uit omrekening van buitelandse bedrywighede | **(140)** | 245 | (25) |
| Saldo aan einde van jaar | **15 349** | 12 751 | 13 199 |
| | **940 494** | 762 683 | 886 161 |
| **MINDERHEIDSBELANG** | | | |
| Saldo aan begin van jaar | **44 685** | 2 235 | 2 235 |
| Verdienste toeskryfbaar aan buite-aandeelhouers | **12 664** | 316 | 1 730 |
| Netto belegging in filiale | **19 379** | 2 480 | – |
| Dividend betaal | **(2 817)** | – | (580) |
| Ekwiteitsinset deur minderhede | **–** | – | 41 300 |
| Saldo aan einde van jaar | **73 911** | 5 031 | 44 685 |

## Segmentinligting

| | Ingenieurs-verbruiks voorraad R'000 | Kapitaal-toerusting en onderdele R'000 | Nie-segment toewysings R'000 | **Totaal R'000** |
|---|---|---|---|---|
| **Ongeouditeer ses maande geëindig 30 September2007** | | | | |
| **Inkomste – 2007** | **761 717** | **801 290** | **35 953** | **1 598 960** |
| Inkomste – 2006 | 638 057 | 618 577 | – | 1 256 634 |
| **Wins uit bedrywighede voor finansieringskoste, rente en voorkeurdividend ontvang – 2007** | **98 035** | **46 478** | **(3 066)** | **141 447** |
| Wins uit bedrywighede voor finansieringskoste, rente en voorkeurdividend ontvang – 2006 | 79 277 | 25 772 | 439 | 105 488 |
| **Totale bates – 2007** | **723 669** | **732 236** | **1 604 925** | **3 060 830** |
| Totale bates – 2006 | 705 496 | 685 137 | 1 195 100 | 2 585 733 |
| **Totale laste – 2007** | **184 537** | **627 245** | **1 234 643** | **2 046 425** |
| Totale laste – 2006 | 251 161 | 371 758 | 1 195 100 | 1 818 019 |

## Aantekeninge by die finansiële inligting

**Aanbiedingsgrondslag**

Die gekonsolideerde finansiële state is ooreenkomstig IRS34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening, Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, die noteringsvereistes van JSE Beperk en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word, opgestel. Die vernaamste rekeningkundige beleide soos in die Groep se 2007-jaarverslag uiteengesit, is deurgaans in die sesmaandetydperk onder oorsig toegepas

## Kommentaar

**Groepaktiwiteite**

Die Invicta Groep bly 'n belangrike streekspeler in die invoer en verspreiding van:

- Laers, bande, seëls, kragtransmissieprodukte, ratmotore en hegstukke ("Bearing Man")
- Landboumasjinerie en -toerusting ("Northmec") en New Holland SA ("New Holland")
- Konstruksie- en grondverskuiwingstoerusting, grasbaanversorgingstoerusting en gholfnutsmotors ("CSE")
- Motor- en motorfietsonderdele ("Autobax")
- Vloerteëls, muurteëls en sanitêre ware ("Tiletoria").

**Finansiële oorsig**

Die groep het weer uitstekende resultate behaal en het 'n aantal strategiese verkrygings gedoen. Handelstoestande in alle sektore van die groep het sterk gebly gedurende die ses maande onder oorsig. Groepomset het met 'n gesonde R342 miljoen (27%) gegroei en verbeterde marges en verhoogde bedryfsdoeltreffendhede het tot gevolg gehad dat bedryfsinkomste met R36 miljoen (34%) tot R141 miljoen gegroei het. Wins vir die tydperk was 61% hoër en verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers het met 44% tot R105 miljoen verbeter, wat neerslag vind in wesensverdienste per aandeel van 141 sent per aandeel, 42% hoër as verlede jaar.

Die resultate is besonder verblydend in die lig van die verwaterende uitwerking van ons SEB-transaksie, wat daartoe bygedra het dat die minderheidsaandeel van winste van R0.3 miljoen tot R12.6 miljoen gegroei het, waarvan R9.2 miljoen met die SEB-transaksie verband hou.

Bearing Man het sy goeie groeiprestasierekord voortgesit. Inkomste het met R123 miljoen (19%) gegroei en verbeterde marges en kostebeheer het tot gevolg gehad dat bedryfswins met 24% tot R98 miljoen gegroei het. Alle afdelings het goed presteer behalwe die motorvoertuigafdeling, wat vervolgens geherstruktureer is.

Handel in die landbousektor het lewendig gebly gedurende die tydperk onder oorsig. Aan die begin van die tydperk het groot dele van die graanverbouingsgebiede van die land droogtetoestande beleef. Na wydverspreide reën het die mark aansienlik herstel en dit bly sterk, hoewel trekker-eenheidverkope in die plaaslike mark in Suid-Afrika effens laer as verlede jaar is. Die New Holland-groep het tot winsgewendheid teruggekeer en danksy die gekombineerde trekkerverkope van New Holland en Case is die Invicta-groep die voorloper in trekker-eenheidverkope in Suid-Afrika tot dusver vanjaar. R90 miljoen van die omsettoename in die kapitaaltoerusting- en onderdele-afdeling was afkomstig uit uitvoerverkope in Afrika. Dié verkope is uiteraard onvoorspelbaar en moet nie as deel van die verkoopsbasis in die toekoms beskou word nie.

CSE, die grondverskuiwingsmasjinerie-afdeling, het steeds baie mededingende marktoestande beleef. Hoewel volumes in die bedryf sterk was, het fel mededinging voortgegaan om druk op marges uit te oefen. CSE het nietemin daarin geslaag om omset met 16% te verhoog en sy marges effens te verbeter. CSE het planne geïmplementeer om marges in die tweede helfte van die jaar te verbeter.

Die verkryging van 60% van Tiletoria is op 1 Junie 2007 afgehandel. Tiletoria se bydrae tot die groep was nie wesenlik gedurende die tydperk onder oorsig nie, maar sy uitbreidingsplanne is goed op dreef en hy behoort in die nabye toekoms 'n sinvolle bydrae te begin lewer.

**Vooruitsigte**

Bearing Man het onlangs die verkryging van Goldquest International Hydraulics (Edms) Bpk, 'n spesialisbesigheid in hidrouliese komponente en dienste in Suid-Afrika, aangekondig. Hierdie strategiese verkryging sal Bearing Man in staat stel om sy produkaanbieding in nywerheidsverbruiksvoorraad uit te brei en dié mark dieper te penetreer.

Die groep het ook onlangs die verkryging van Doosan Suid-Afrika van Doosan Infracore Company Ltd, Suid-Korea, aangekondig. Doosan Infracore vervaardig masjiengrawe, laaiers en sleepstuurlaaiers en is een van die vinnigste groeiende konstruksietoerustingmaatskappye in die wêreld. Die verkryging sal die Invicta-groep in staat stel om sy produkaanbieding vir die konstruksiebedryf in Suid-Afrika uit te brei en hoewel die Doosan-verspreiding apart van Invicta se ander konstruksietoerustingbedrywighede gehou sal word, sal sinergieë deur middel van skaalbesparings behaal word.

Die ingenieursverbruiksvoorraad-sektor sal na verwagting teen huidige vlakke in die tweede helfte van die jaar voortgaan, maar die bestuur verwag dat die sektor nader aan die einde van die finansiële jaar tekens van verlangsaming sal begin toon, omdat daar verwag word dat die sterk rand en hoë rentekoerse in die land die vraag na ingenieursverbruiksvoorraad sal demp. Bearing Man fokus op die verbetering van bedryfsdoeltreffendhede, wat behoort te help om enige verlangsaming in inkomstegroei teen te werk. Die landbousektor bly lewendig en die bestuur verwag geen verandering in dié verband in die komende tydperk nie.

Die verkryging van Doosan en Goldquest is onderworpe aan verskeie opskortende voorwaardes. Die transaksies sal nader aan die huidige finansiële jaar afgehandel wees, waarna die maatskappye tot winsgewindheid sal bydra. Die groep gaan voort om verkrygings na te streef, maar sal op korttermyn op die konsolidasie van die mees onlangse verkrygings fokus.

Daar word nie verwag dat verdienste per aandeel in die tweede helfte van die jaar hoër as dié van die tweede helfte van verlede jaar sal wees nie.

**Dr C H Wiese**
*Voorsitter*
Kaapstad

**A Goldstone**
*Besturende direkteur*
9 November 2007

## Dividend

Kennis geskied hiermee dat 'n tussentydse dividend van 47 sent per aandeel verklaar is. Die laaste dag vir verhandeling ("met" dividend) om in die dividend te deel, sal Vrydag, 30 November 2007, wees.

Die aandele van Invicta Holdings Beperk sal van Maandag, 3 Desember 2007, "sonder" dividend begin verhandel en die rekorddatum sal Vrydag, 7 Desember 2007, wees. Die dividend sal op Maandag, 10 Desember 2007, aan lede betaal word.

Aandelesertifikate mag van Maandag, 3 Desember 2007, tot en met Vrydag, 7 Desember 2007, nie gedematerialiseer of hermaterialiseer word nie.

In ooreenstemming met IRS10 word die tussentydse dividend van 47 sent per aandeel wat deur die direkteure verklaar is en soos in die aandele-inligting getoon nie in die finansiële state weerspieël nie.

Op las van die direksie

**C Barnard**
*Sekretaris*

Johannesburg
9 November 2007

bearing man · CSE · NORTHMEC Established 1869 · Tiletoria Tiles you can afford! · NEW HOLLAND · AUTOBAX

**GEREGISTREERDE KANTOOR**
Invicta Holdings Beperk
3de Verdieping, Pepkorgebou
Stellenbergweg 36
Parow Industria 7493
Posbus 6077
Parow-Oos 7501

**OORDRAGSEKRETARIS**
Computershare Investor Services 2004 (Edms) Beperk
Grondverdieping
Marshallstraat 70
Johannesburg 2001
Posbus 61051
Marshalltown 2107

**DIREKTEURE**
Dr CH Wiese*, C Barnard, A Goldstone, AK Masuku*, J Mthimunye#, M Rose-Innes*, DI Samuels*, RE Sherrell*, AM Sinclair, CE Walters#, * Nie-uitvoerend # Alternatiewe

**BORG**
Deloitte & Touche Sponsor Services (Edms) Bpk

theGate200821241